

“DIE JESUSBEWEGING AS CHARISMATIESE WAARDEREWOLUSIE”¹⁾

P P A KOTZE

ABSTRACT

The Jesus movement as a charismatic value-revolution

In our country the voice of liberation theology (and the theology of revolution) is growing in volume, causing anxiety on all traditional fronts. The sympathy of overseas churches in general, sways in the direction of these revolutionary sounds. Under the circumstances one must appreciate a work like that of O Cullmann: *Jesus und die Revolutionären seiner Zeit*, and a paper read by Gerd Theissen of the University of Heidelberg at a recent congress of the Studiorum Novi Testamenti Societas. These works from overseas theologians radically reject any idea that Jesus could have been the inspiration of political revolution. Theissen rather speaks of a “Wertrevolution” according to which Jesus gave his disciples access to an aristocratic value system achieved charismatically, i.e. extraordinarily, as a gift of God in answer to prayer. In this article the abovementioned works are discussed critically in an attempt to make them known.

Daar heers tans ’n klimaat waarin die winde van die bevrydingsteologie en die teologie van rewolusie met verskillende nuanses koue trekke deur die kerkhuis “laat waai”.²⁾ Die kerk in die buiteland reageer dikwels meer simpatiek teenoor hierdie rewolusionêre geluide as teenoor die vredemakers. Sonder om te veralgemeen, wil ’n mens graag glo dat dit onder die teoloë ietwat anders gesteld is. Sodra ’n Suid-Afrikaner met hierdie mense op teologiese vlak begin praat, ontdek jy hoe krities hulle ingestel is teenoor bogenoemde teologieë, maar dat hulle huiwerig is om teen die krag van die openbare mening te stoei. Onder sulke omstandighede is ’n mens vanselfsprekend bly oor referate soos dié van Gerd Theissen. Ironies genoeg is dit gelewer te Cambridge ’n paar dae na die besluit van die Anglikaanse kerk te Lambert, Engeland, oor terrorisme.

Die referent het oor die afgelope aantal jare vir homself op internasionale vlak aansien verwerf met die toespitsing van sy navorsing op die sosiologiese konteks van die Nuwe Testament waarvan *The social setting of Pauline Christianity: Essays on Corinth*³⁾ ’n voorbeeld is. Hy het toegestem dat ek sy referaat⁴⁾ krities in hierdie artikel kan bespreek, en ek verwys ook na ander werke op die gebied.

As agtergrond vir die bespreking van Theissen se referaat, wil ek juis gebruik maak van ’n baie waardevolle werk van Oscar Cullmann wat reeds in 1970 ’n tweede oplaag beleef het en hier te lande, veral onder plaaslike omstandighede, te min aandag geniet het, naamlik *Jesus und die Revolutionären seiner Zeit*.⁵⁾ Daarin stel die skrywer ’n noodwendige

vereiste vir die denke oor die betekenis van Jesus vir eietydse probleme, naamlik dat alle pogings om Jesus met eietydse aktuele probleme te konfronteer eers die probleme van die historiese konteks waarin Jesus opgetree het moet ontrafel,⁶⁾ anders loop ons gevaar om of die geskiedenis te vervals of die diskussie van die probleme van vandag 'n onguns te bewys deur dit op ontoereikende gronde te vestig. Dit lei noodwendig tot slagspreuke wat die historiese waarheid geweld aandoen.

Ons beleef 'n gepolariseerde kerkgemeenskap wat neig tot radikalisme. Die een uiterste beskryf H Ridderbos⁷⁾ soos volg: "Shall the church be able to survive in our turbulent times then she has to take the risk of leaving its secure isolation, to turn itself inside out, to participate in the name of Christ and his kingdom in the struggle for peace and justice"; en die ander uiterste beskryf hy as 'n verharding tot isolasie. Die werklike bedreiging vir die kerk is nie dat hy sy roeping in die wêreld verloor het nie, maar dat die grense tussen die kerk en die wêreld uitgewis word. Die kerk staan gevaar om sy uniekheid as die volk van God prys te gee, om sy boodskap aan te pas by 'n nuwe soort "social gospel, strongly influenced by new-marxism". Juis om die evangelie te kan verkondig, juis om die lig van die wêreld en die sout van die aarde te kan wees, moet die kerk kerk wees en kerk bly.

Albei hierdie radikale pole wil Christus en sy uitsprake annekseer vir hulle stryd. Die voorstanders van rewolusie beroep hulle op die volgende:

Jesus het verkondig dat die koninkryk van God naby gekom het. Die fanatieke politici van sy tyd het dieselfde gedoen.

Die ironie in die woorde van Jesus oor die konings wat oor die mense baasspeel en gesag afdwing, en hulle dan weldoeners laat noem (Luk. 22:25).⁸⁾

Jesus se kritiese houding teenoor Herodes wat Hy "daardie jakkals" noem (Luk. 13:32).

Sy optrede wat die skare sou beïnvloed het om Hom as koning te wil uitroep (Joh. 6:15).

Sy uitspraak dat Hy nie gekom het om vrede te bring nie, maar die swaard, en sy opdrag aan die dissipels dat hulle hul klere moet verkoop en swaarde moet aanskaf.

Die feit dat sommige van Jesus se dissipels uit die Seloteparty was (Luk. 6:15).

Die feit dat Jesus as politieke oproermaker gekruisig is, soos die opskrif bo die kruis aantoon.

Diegene wat Jesus wil opeis as Beskermheer van die bestaande orde wys op:

Sy woorde teen geweld soos weerspieël in die bergrede.

Sy uitspraak oor liefde vir die vyande (Matt. 5:44).

Die feit dat Hy die vredemakers geseënd noem (Matt. 5:9).

Sy bevel om die swaard in die skede te steek (Matt. 26:52).

Sy getrouheid in die nakoming van die wet.

Sy radikale afwysing van elke versoek om Hom in 'n politieke rol te betrek. Dit kwalifiseer Hy as 'n versoeking.

Die anneksasie van Jesus vir teenstrydige standpunte moet toegeskryf word aan die *a priori* aan albei kante dat Jesus die een of die ander moet wees: 'n verteenwoordiger van rewolusionêres of 'n verteenwoordiger van die bestaande orde. In werklikheid het Jesus Hom nie laat opeis deur enige menslike denkrigting of instelling nie omdat Hy die hele gemeenskapswêreld met al sy verdeeldheid, beoordeel het vanuit die gesigshoek van die koninkryk van God, 'n koninkryk wat nie van hierdie wêreld is nie. Omdat dit nie van hierdie wêreld is nie, transendeer dit die alternatiewe van rewolusie/bestaande orde. Daarom kon Hy tegelyk sê: "Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard" (Matt. 10:34) in die sin dat daar tweedrag sou wees tussen die wat Hom liefhet en die wat Hom nie liefhet nie, en ook: "Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word" (Matt. 5:9).

Binne die raamwerk van die koms van die koninkryk van God praat Gerd Theissen dus liever van 'n "waarderewolusie" ("Wertrevolution"). Of Jesus en sy dissipels (hierna genoem: Jesusbeweging) rewolusionêre eienskappe geopenbaar het, hang af van die vraag van wat onder rewolusie verstaan word. Die geskiedenis word gekenmerk deur 'n stryd om mag, besit en opvoeding (waarby ingesluit is geleerdheid en beskawing). Die stryd tussen die wat het en die wat nie het nie, kan twee vorme aanneem: gewelddadige of vreedsame verandering. Eersgenoemde sou as 'n magsrewolusie beskryf kan word en laasgenoemde as 'n waarderewolusie waarin die wat nie het nie, aanspraak maak op hulle reg op mag, besit en opvoeding. Aansprake word gelegitimeer in 'n sogenaamde legitimasiestryd en by die erkenning van die aansprake word die rewolusie voltrek.

Met betrekking tot Jesus en sy volgelinge sou in die verband twee dinge gesê kan word:

- (1) Die Jesusbeweging, as voorstadium van die koninkryk van God, veronderstel en impliseer 'n waarderewolusie in die sin dat aristokratiese deugde toeganklik word vir die man op straat. Die magsrewolusie word van God self verwag en Hy bewerk dit wanneer die armes, hongeriges en lydendes in sy ryk hulle reg sal ontvang.
- (2) Die waarderewolusie was charismaties van aard. Dit wil sê, die

verandering is gelegitimeer deur wonders en openbaringe. Die realisering van die rewolusie geskied ewe eens wondermatig en sonder geweld; eerder deur middel van die gebed. Die draer van die charisma was 'n gestigmatiseerde buitestaander.

Tot sover sal ons Theissen kan volg, maar dan gaan hy voort deur aan te toon dat so 'n rewolusie nodig was omdat die waardes en norme van owerheid en onderdaan in die destydse Joods-Palestynse gemeenskap so ver van mekaar af ontwikkel het dat 'n rewolusionêre nuwe indeling nodig was. Hy gebruik dan as voorbeeld die kringe rondom die vorstehuis van Herodes wat die Hellenisties-Romeinse verhoudingspatrone in so 'n mate oorgeneem het dat dit neergekom het op 'n minagting van die volkseie.

*Herodes bou (19 nC) 'n nuwe hoofstad Tiberias op 'n vroeëre begraafplaas, wat deur die Joodse wet verbied word. Tiberias is sedertdien as "onrein" beskou.

*Teen die Joodse wet het hy die beelde van diere in sy nuwe paleis laat oprig. Dit was een van die eerste dinge wat met die aanvang van die Joodse oorlog afgebreek is.

*Die teenstand teen sy huwelik met Herodias kom tot uitdrukking in die optrede van Johannes die Doper. In hierdie verband is dit interessant dat Josephus Johannes die Doper se dood vertolk as polites van aard: Herodes moes op dié wyse 'n rebellie voorkom.

Ek dink dat Theissen se voorbeelde nie heeltemal ter sake is nie. In die eerste plek het ons in die vorstehuis van Herodes nie met die eg-Joodse te doen nie. Die spanning tussen hom en die Jode het sy aanloop uit Herodes se afkoms uit die Edomiete. Maar wat belangriker is: Jesus het juis "in opstand gekom" teen die eg-Joodse norme en waardes van die Fariseërs en skrifgeleerdes (Matt. 5-7, 23) en hulle was weer die kampvegters vir die Joodse waardes teen die optrede van die Herodiane. Vir Jesus was die waardesisteem van geeneen van die partye aanvaarbaar nie omdat Hy die waardes beoordeel het vanuit die gesigshoek van die koninkryk van God.

Hierdie aspek sal ook in gedagte gehou moet word in Theissen se verdere uiteensetting waarin hy aantoon dat mag, besit en opvoeding wat tradisioneel as aristokratiese waardes beskou is deur die Jesusbeweging, toeganklik geword het vir die geringes en onaansienlikes. Volgens die sinoptiese tradisie ken Jesus koninklike waardigheid toe aan die burger van die koninkryk met die beeld van die koningseun wat nie belastingpligtig is nie. Hy vra: "Van wie vorder die konings van die wêreld tol of belasting in – van hulle seuns of van ander mense? Toe Petrus antwoord:

Van ander mense, sê Jesus vir hom: Dan is die seuns mos vrygestel. Maar ons moenie hierdie mense aanstoot gee nie.." (Matt. 17:25). Die dissipels, as koningseuns, is nie belastingpligtig nie.

Konings beskik ook oor rykdom. Die dissipels trek sonder besittings saam met Jesus deur die land. God sorg vir hulle soos vir die lelies van die veld. Nie eens Salomo was so pragtig geklee soos hierdie lelies nie. Die dissipels is meer werd as lelies en meer werd as koning Salomo (Matt. 6:25v). Hulle word kontrafakties koninklike besit toegeken.

Ten slotte word aan konings wysheid toegeskryf. Koning Salomo was by uitstek die wyse. Onder die aanhangers van Jesus was daar nie baie geleerdes nie. Desondanks verseker Jesus hulle dat hulle toegang tot 'n wysheid het wat groter is as die van koning Salomo. Hulle is beter daaraan toe as die koningin van die Suide wat kom van "die uithoeke van die aarde af ... om na die wysheid van Salomo te luister. En hier staan Een wat groter is as Salomo" (Matt. 12:42).

Die koninklike waardigheid van die "burgers" van die koninkryk van God word nog twee maal onderstreep: "Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word" (Matt. 5:9). Ook in die woord oor die liefde vir die vyande: "Julie moet julle vyande liefhê en julle moet bid vir die wat julle vervolg, sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel" (Matt. 5:44v).

Dit is ideale wat volke van hulle konings verwag het: In die inskripsie van Priene word Augustus genoem, "Heiland en God wat aan die oorlog 'n einde maak en vrede verskaf".⁹⁾ Philo het van die keiser gepraat as die wagter van vrede.¹⁰⁾ Ten opsigte van grootmoedige liefde, word van Plutarchos vertel dat toe iemand teenoor hom opgemerk het dat 'n goeie koning goed doen aan sy vriende en kwaad doen aan sy vyande, Plutarchos geantwoord het: "Hoeveel beter is dit om aan die vriende goed te doen en die vyande vriende te maak".¹¹⁾ Dat hierdie heersersideale in Palestina goed bekend moes wees, spreek uit die berig van Josephus oor Agrippa I: "want hy het sagmoedigheid as koninkliker beskou as toorn en hy was van mening dat grootmoedigheid (*epieikeie*) die heerser beter pas as heftigheid".¹²⁾

As vrygewigheid as 'n koningsdeug beskou is, kan in die Jesustradisie gewys word op die verhaal van die arm weduwee by die skatkis (Mk 12:44). Die rykes wat baie in die offerkis gegooi het, het inderdaad minder gegee as die arm weduwee. "Hulle het almal uit hulle oorfloed iets ingegooi, maar sy het in haar gebrek alles gegee wat sy gehad het, alles waarvan sy moes lewe". Die arme uit die onderdane word hier bo die gewer uit die owerheid gestel. Die weduwee het die aristokratiese deug van te gee gerealiseer.

Die ommekeer in waardes is ook waar ten opsigte van gedragspat-

rone wat te doen het met opvoeding, geleerdheid en wysheid. Wysheid en hoë sosiale status hoort nou bymekaar, al sou die leraar of wyse 'n nederige status hê. In die Joodse literatuur vind ons klasgespesifiseerde binding van wysheid. Van die wyse sê Jesus Sirach: "Hulle dien in die kring van die grotes en voor die vorste verskyn hulle..."¹³ Jesus maak die wysheid vir sy volgelinge toeganklik. Hulle is beter daaraan toe as die koningin van die Suide.

Voorlopig kan Theissen se betoog so saamgevat word: Die Jesus-beweging het gestaan aan die rand van die gemeenskap; hulle het egter na waardes gereik wat in die sentrum van hierdie gemeenskap veranker was. Kontrafakties maak hulle vir hulleself aanspraak op onder meer die koninklike deugde van die vrygewigheid van die rykes, die wysheid van die opgevoede kringe – en dit in bewuste kontras tot die heersers van die volke, die rykes en die skrifgeleerdes. Dit kom neer op 'n afwaartse oordrag van hoëklaswaardes wat getransformeer en nuut geformuleer word. Dit word van onder nuut toegeëien. Ook wanneer die Jesusbeweging die bestaande verhoudings nie wil verander nie (hulle het geen politiese aksieprogram gehad nie), delegitimeer hulle die bestaande heerskappy, besitsverdeling en oorgelewerde wysheidsaansprake. Anders uitgedruk: Ook as geen magsrewolusie ingelui word nie, word daar tog 'n waarderewolusie voltrek.

Die verskil tussen 'n politieke en 'n waarderewolusie lê vir Theissen in die charismatiese karakter van die waarderewolusie. "Charisma ist die Chance, aufgrund außeralltäglicher Kraft, die sich z.B. in Wundern und Offenbarungen äußern kann, Anerkennung zu finden".¹⁴ Hierdie erkenning is onafhanklik van die bestaande magsisteem van die gemeenskap, is nie aangewys op hulle magsmiddele nie en is vry van dwang. Dit is die rewolusionêre krag van vernuwing. Die charisma word aangetref by mense en groepe wat volgens die geldende reëls sosiaal-moralisties optree en vrywillig die rol van gestigmatiseerdes aanvaar in hulle bevestigtekening van die bestaande orde. Charisma en stigma hoort bymekaar. Hiermee is nog nie die verskil met 'n politieke beweging aangedui nie. Want ook politieke-rewolusionêres kan charismatiese geneig wees, ook hulle is eertydse buitestaanders. Charismatikers weer, kan na politieke mag gryp en hulle aanhangers werf en tot geweld motiveer.

Die onderskeid lê in die deursettingstrategie. Die Jesusbeweging het geweier om 'n aksieprogram daar te stel om die gemeenskap te verander. Die koninkryk van God sal vanself kom soos die selfgroeïende saad (Mark. 4:26–29). Dit sluit die menslike aktiwiteit nie volledig uit nie, maar dit is nie beslissend van aard nie. Wat kan die mens dan nog doen?

(1) Die mens kan bid: "Laat u koninkryk kom." Daarmee word erken dat

nie die mens nie, maar God die groot verandering teweegbring.

- (2) Die koninkryk van God kom as 'n wonder maar dit kom ook in wonder. Jesus het gesê: “Aangesien Ek deur die Gees van God (die vinger van God) die duiwels uitdryf, het die koninkryk van God inderdaad tot by julle gekom” (Matt. 12:28). Wanneer die dissipels wat Jesus uitgestuur het, siekes genees het, het die koninkryk van God naby gekom (Luk. 10:9). Ook hier moet 'n mens nie vergeet nie: Wonders geskied deur die krag van God, maar mense is daarby betrokke.
- (3) Die mens kan hom bekeer. Wanneer die koninkryk van God naby gekom het, kan die mens hom op hierdie nabyheid eties instel deur hom te bekeer. Ook hier is die mens nie soewerein nie. Bkering is 'n van-buite-aangebode kans (geleentheid) wat die mens nie self kan verskaf nie. Maar dit word deur die mens voltrek deur sy etiese optrede.

Omdat die waarderewolusie charismaties van aard is, is elke vorm van menslike dwang uitgesluit ook wat die deurvoering daarvan betref, want “Sedert die dae van Johannes die Doper tot nou toe, breek die koninkryk van die hemele vir homself 'n pad oop...” (Matt. 11:12).

'n Mens het groot waardering vir 'n referaat soos die van Theissen, juis omdat dit kom uit die geleedere van die Duitse teologie wat seker nie vandag onder verdenking staan van 'n verpolitisering van die teologie nie. Sou dit uit Suid-Afrikaanse geleedere kom, sou dit juis gebuk gaan onder so 'n suspisie. Dit is waarskynlik hierdie vrees wat ons na 'n ander kant toe dwing, naamlik om te pleit vir 'n groter menslike inset, anders as gebed, bekering en 'n afhanklikheid van God. Die resultate is maar alte duidelik: onchristelike gesindhede, verkettering, verdeeldheid en geestelike afpersing, alles teenoorgestel aan die gees van die koninkryk van God.

Met hierdie waardering wil 'n mens hoop dat Theissen in die voortsetting van sy studie oor hierdie onderwerp 'n duideliker uiteensetting sal gee van die verskil tussen politiese en koninkrykswaardes. Hy onderskei wel en gebruik ook die begrip transformasie in dié verband, maar ek dink nie hy kom weg van 'n antitetiese denkskema nie. Veral in die begin van sy referaat, kry mens die indruk dat hy die koninklike waardes, soos dit as volksideaal beleef is, op dieselfde vlak wil plaas as koninkrykswaardes. Dit is natuurlik die probleem van 'n sosiologiese benadering. Sosiologiese begrippe soos vader, seun, ensovoorts, word sosiologies en nie teologies nie, gedefinieer. Jesus gee juis 'n nuwe inhoud aan die begrip koningskap

in skerp kritiek teenoor die betekenis “by die nasies”. “Maar by julle moet dit nie so wees nie. Inteendeel, die belangrikste onder julle moet soos die geringste wees en die een wat die leier is, soos die een wat dien” (Luk. 22:25). In sosiologiese konteks is ’n leier (koning) nie ’n dienaar nie en ’n dienaar is nie ’n koning nie. Die twee staan antities teenoor mekaar. Volgens Jesus se definisie word die antitiese opgehef. Dit blyk nog duideliker uit die Johannese weergawe van dieselfde waarheid: “Julle noem My julle Leermeester en Here, en julle is reg, want Ek is dit. As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was” (Joh. 13:13–14). Jesus definieer Leermeesterskap en Heerskap in terme van slawediens en ’n slaaf definieer Hy in terme van Leermeesterskap en Heerskap. As iemand in die koninkryk van God gaan soek na ’n heer en ’n leermeester, vind hy hom as een wat voete was, en omgekeerd.

Ek wil nie beweer dat Theissen nie met die probleem geworstel het nie. Ons het reeds gewys op sy gebruik van die term *transformasie*. In verband met besit gebruik hy die term *kontrafakties*, wat my laat vermoed dat hy nie oral ’n verskil in definisie handhaaf nie. Koninkrykswaardes is nie kontrafakties nie; dit is anders en het ’n ander inhoud, omdat dit nuut geword het deur herskepping.

Die referent het ’n meer uitgebreide studie in die vooruitsig gestel en ek sien uit na die verskyning daarvan.

NOTAS

1. Dié opskrif is ook die opskrif van ’n referaat wat gedurende 8–12 Augustus 1988 op die Jubileumkongres van die Studiorum Novi Testamenti Societas te Cambridge gelewer is deur Gerd Theissen van die Universiteit van Heidelberg (Wes-Duitsland). Die Duitse titel was “Jesusbewegung als charismatische Wertrevolution”.
2. In dié verband kan maar slegs genoem word: a) die verskyning van die Kairosdokument en die kerklike reaksie daarop, o a deur middel van die lswenkommunikasie van Junie 1986; b) gebeure op die vergadering van die Federale Raad van Kerke; c) ekumeniese vergaderings wat afgestel moet word weens uitlatings teen rewolusionêre kerkleiers.
3. G.Theissen, *The social setting of Pauline Christianity: Essays on Corinth*, Philadelphia 1982.
4. Dit was een van die hoof referate.
5. O. Cullmann, *Jesus und die Revolutionären seiner Zeit*, Tübingen 1970.
6. Vergelyk ook Albert Schweitzer, *Geschichte der Leben-Jesu-Forschung*, ⁶1951.
7. H. Ridderbos, ongepubliseerde referaat, “Towards Church Unity”, Grand Rapids 1975.
8. Cullmann, *aw*, 21.
9. Theissen, *aw*, 5.
10. Jos ant.14,160 vgl 15, 348.
11. Lakonische Denksprüche, Ariston § 1, aangehaal deur Theissen, *aw*, 6.
12. Jos ant. 19, 334.
13. Sirach 39:4.
14. *aw*, 12.